

Dinsdag 4 April

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9

Fokusgedeelte: Filippense 4:6-7

Gebed in die Gees lei tot die vrede van God

Gebed is die soeke na vrede. Dit is egter belangrik dat ons sien hoe ons moet bid om die vrede van God te kan beleef. God se vrede kom alleen langs die weg van Filippense 4:6.

Wees in niks besorg nie ... Maak in alles julle begeertes aan God bekend. Daardie dinge wat in jou hart lewe, neem dit na God toe. Daardie goed wat jy vir jouself probeer uitwerk, maar wat nie altyd uitwerk soos jy dit met jou verstand uitgereken het nie. Gee dit vir die Here. Wat ook al in ons lewens na vore kom, groot of klein, belangrik of onbelangrik, ons moet dit na die Here toe bring. Die sorg van ons lewe moet ons vir Hom gaan gee.

Hierdie gebed is gekwalifiseerd. Met smeking en danksegging, in afhanklikheid en dankbaarheid moet 'n mens bid. In ons gebedslewe moet ons ons begeertes in afhanklikheid aan God bekendmaak.

Wat gebeur as ons so in gebed na God toe gaan? God se antwoord op ons gebed is God se vrede. Daardie vrede wat die menslike verstand te bowe gaan en wat oor ons hart en gedagtes die wag hou. Die vrede van die Heilige Gees.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)